



+27 (0) 12 335 6994

www.wrsa.co.za

23073 GEZINA 0031

381 Booysen Street/Booyesenstraat 381 ELOFFSDAL 0084 Pretoria

Reg No: 2006/010722/08; VAT/BTW No.: 4200 228 098



## WRSA PERSVRYSTELLING: WYSIGING VAN DIREKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BIODIVERSITEITSEKTOR

### PRETORIA: 28 Julie 2020:

Wildbedryf Suid-Afrika het kennis geneem van die jongste direktiewe wat die minister van omgewingsake gepubliseer het waarin reis oor provinsiale grense heen vir jag en akkommodasie op wildsplase verbied word. Die massiewe daaropvolgende gevolge sal onherstelbaar wees met betrekking tot werksverliese en die plattelandse ekonomie en lewensbestaan. Met die meeste jagters wat van stedelike na plattelandse gebiede reis, met ander woorde na ander provinsies, om jagte te onderneem as die mees ekonomiese manier van die oes van wild, sal hierdie verbod onvermydelik massiewe negatiewe gevolge tot gevolg hê – nie net vir die wildboere en wild nie, maar ook vir die duisende lewens wat afhanklik is van wildboerdery aktiwiteite.

Dit is belangrik om daarop te let dat jagbestemmings hoofsaaklik geleë is in areas met lae bevolkingsdigtheid met werknemers wat permanent op die plaas woon en nie na en van hulle werksplekke reis nie. Met die klein aantal jagters wat op enige gegewe tyd in 'n jagkamp teenwoordig is en met die Bestuur en jagters wat moet voldoen aan COVID-19-protokolle vir veilige gedrag, is die risiko vir infeksies onder hierdie omstandighede uiters laag.

Wildbestuur is in die oorspronklike stel rampbestuursregulasies as 'n essensiële diens gestipuleer. In die belang van wildsbestuur en duisende werkers op wildsplase, versoek WRSA die COVID-19 Nasionale Beheerraad om **alle** wildbestuursaktiwiteite toe te laat om voort te gaan, wat die oes van wild deur middle van jag, insluit. Die oes van oortollige wild is een van die belangrikste wildbestuursinstrumente en vind hoofsaaklik gedurende die winter plaas.

WRSA waardeer die minister van omgewingsake, minister Barbara Creecy se begrip vir die waarde van jagters wat wildsvleis oes vir verbruiksdoeleindes, en verstaan ook haar besorgdheid oor die verspreiding van die virus.

Die verkryging van eie proteïene deur klein groepies jagters volgens die neergelegde protokolle, moet egter nie verwar word met 'n groot groep mense wat deelneem aan 'n ontspanningsaktiwiteit nie. Daarom versoek WRSA die goedkeuring van interprovinsiale reis met die noodsaaklike reispermitte soos deur die Nasionale Beheerraad goedgekeur, met toelating van akkommodasie gedurende bestaansjag, met die nodige COVID-19-protokolle te alle tye in plek om enige bekommernis oor die verspreiding van die virus aan te spreek.

WRSA versoek hiermee die dringende heroorweging van hierdie drastiese stappe om die voortsetting van die plattelandse lewensbestaan en ekonomie te bewerkstellig.

Navrae:

HUB: (Mev.) Adri L Kitshoff-Botha 083-650-0442; President: Tebogo Mogashoa 012-335-6994

**CEO/HUB:** A Kitshoff-Botha

**President:** T Mogashoa **Adjunkpresident/Deputy President:** G Heyneke

**Direkteure/Directors:** M Gcabo, Dr T Lesoli, JL Pretorius, LLS vd Walt, K Maphai, P Ernst Jr, R Nel